Sing vooraf: Psalm 36:2 en 3

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 27:1

Gebed.

- ***Doksologie:***
- ***Aanbidding:***
- ***Skuldbelydenis:***
- ***Vergifnis:***
- ***Dank:***
- ***Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God:***
- ***Algemene bede:***
- ***Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:***

Amen.

Psalm 51:4

Skriflesing: 1 Johannes 1

Teks: 1 Johannes 1:5, 9; Kategismus Sondag 1

> **En dit is die verkondiging wat ons van Hom gehoor het en aan julle verkondig: God is lig, en geen duisternis is in Hom nie.**
> (1 Johannes 1:5 AFR1953)
>
> **As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig.**
> (1 Johannes 1:9 AFR1953)

In Jesus Christus het ons algehele wegneming van skuld en onreinheid. Ons het deur sy bloed volkome versoening en verlossing. Die waarborg hiervoor lê in God se trou en regverdigheid.

Let op na die volgende:

1. Die Bybel kontrasteer genade teen die agtergrond van oordeel.
2. Die slagspreuke van die dwaalleraars
3. Die rykdom van God se genade

1. Die Bybel kontrasteer genade teen die agtergrond van oordeel.

Die Here het ’n baie besondere manier om sy genade aan ons te openbaar.

- Die Here kontrasteer altyd sy genade met oordeel of ellende of boosheid.
- Dan skyn die krag van die Here se genade net soveel helderder op.

Kyk na ’n paar voorbeelde uit die openbaring van die Here. Die Bybel leer dat die Here Farao verhard het, sodat Hy aan sy volk sy heerlikheid kon openbaar (Romeine 9:17).

> **Want die Skrif sê aan Farao: Juis hiervoor het Ek jou laat optree, dat Ek in jou my krag kan toon en dat my Naam verkondig kan word op die hele aarde.**
> (Romeine 9:17 AFR1953)

Die Israeliete kon die genade van die Here destyds net verstaan omdat hulle kon uitkom uit die ellendes waarin hulle was.

- Hulle kinders is vermoor en hulle was ’n slawevolk wat met die sweep aangedryf is.
- Eers toe hulle daarvan vrygeraak het, en die Here Farao in die Rooi See verdrink het, kon hulle verstaan wat dit is om nie meer bedreig te word nie.

Jesaja se profesie loop ook op hierdie spoor.

- Die herstel van die volk en die koms van die nuwe Jerusalem staan juis helder uit teen die agtergrond van die pyn van die Babiloniese ballingskap.
- Net so gebeur dit in die brief van Johannes.
    - Hy preek die genade van die Here baie mooi – maar om die genade te kan uitlig, bly die oordeel van die Here die hele tyd by.
    - In die gedeelte wat ons gelees het, is dit ook so dat hy byna as ’n reël een vers genade skryf en dit dan opvolg met een vers oordeel.

Kyk wat skryf die apostel Johannes en let op hoe hy dit skryf. Hy preek vir sy lesers die Woord van die lewe.

- Die inhoud van die Woord van die lewe is om gemeenskap met die Vader en met sy Seun Jesus Christus te hê (vers 1-4).
- Nadat Hy duidelik aangekondig het waaroor sy preek gaan, gee hy die kern van sy preek.
    - Die kernvers is vers 5, want vers 5 stel ’n beginsel wat ’n samevatting van die voorafgaande gedeelte is, en waaraan die hele volgende gedeelte hang:

      God is lig, en geen duisternis is in Hom nie!

Die woord **lig** word hier gebruik in onder andere die betekenis van waarheid en ewigheid.

- Daar is talle tekste wat daarna verwys dat Jesus die Lig is, of dat God die Vader lig is en in ontoeganklike lig woon.
- Jesus het byvoorbeeld eenkeer in die tempel in Jerusalem die volgende uitspraak gemaak:

  En Jesus het weer met hulle gespreek en gesê: Ek is die lig van die wêreld; wie My volg, sal sekerlik nie in die duisternis wandel nie, maar sal die lig van die lewe hê. (Johannes 8:12 AFR1953)

  Jesus antwoord hom: Ek is die weg en die waarheid en die lewe; niemand kom na die Vader behalwe deur My nie. (Johannes 14:6 AFR1953)

  En dit is die oordeel: dat die lig in die wêreld gekom het, en die mense het die duisternis liewer gehad as die lig; want hulle werke was boos. (Johannes 3:19 AFR1953)

Dink veral aan die uitspraak in 1 Timoteus 6:16 waar die Here openbaar dat Hy alleen onsterflikheid besit en dat Hy ’n ontoeganklike lig bewoon – ’n lig wat geen mens gesien het of kan sien nie.

. . . wat op sy eie tyd vertoon sal word deur die salige en enigste Heerser, die Koning van die konings en Here van die here, wat alleen onsterflikheid besit en ’n ontoeganklike lig bewoon, wat geen mens gesien het of kan sien nie, aan wie toekom eer en ewige krag. Amen. (1 Timoteus 6:15-16 AFR1953)

- Let op dat die Bybel byvoeg dat aan die Here toekom eer en ewige krag. Die uitspraak word bevestig met amen. Dit is waaragtig so.
- Die uitspraak van Johannes dat God lig is, is dus ’n ou en bekende feit onder die gelowiges.

Nadat Johannes nou die hoofgedagte van sy preek gestel het, behandel hy dit met sy lesers.

- Maar hy doen dit aan die hand van valse uitsprake wat in hulle gemeente rondgelê het.
- Hy gebruik drie sulke stellings van valse profete waarop hulle aanspraak maak dat dit waar is.
- Dit is nie heeltemal seker of Johannes hulle slagspreuke woordeliks aanhaal nie, maar hy gee wel die inhoud weer.
- Wat baie belangrik is, is dat hy dit duidelik brandmerk as vals en misleidend.

Dit wat Johannes hier doen, is veral in ons tyd ook baie belangrik, want daar is baie mense wat baie dinge rondvertel wat nie geglo moet word nie.

- Iemand se woorde en uitsprake moet nie noodwendig geglo word net omdat dit gesê word nie.
- Dit moet eers getoets word teen die uitspraakmaker se verhouding tot die grootste waarheid, naamlik dat God alleen die Lig is.

Daarmee bring Johannes twee dinge onder ons aandag.

- Die eerste is dat as ons die Here in sy lig en waarheid wil dien, daar doodgewoon sekere dinge is wat ons nie mag doen en sê nie.
- Die tweede is dat ons net moet kyk na die mense rondom ons, want daar is mense in die gemeente aan wie hy sy briewe geskryf het, wat presies hierdie verkeerde dinge gesê en gedoen het.
    - *Hy gebruik hulle as 'n voorbeeld van wat jy nie moet doen as jy die Here reg wil dien nie.*

2. Die slagspreuke van die dwaalleraars

Vers 6 haal die eerste slagspreuk van die dwaalleraars aan.

> ***Daar was mense wat gesê het dat jy maar kan lewe net soos jy wil, solank jy net in die Here glo.***

- Dadelik beklemtoon Johannes dat dit 'n leuen is as jy dink dat jy met 'n verkeerde lewe gemeenskap met die Here kan hê.

Die tweede slagspreuk word in vers 8 aangehaal:

> ***Ons het geen sonde nie.***

- Waarskynlik was die bedoeling van die dwaalgeeste dat Jesus ons mos versoen het – waar sou daar nou sonde vandaan kom as Jesus sy werk goed gedoen het?

Die derde slagspreuk is in vers 10.

> ***Daar was toe mense wat dit so verstaan het dat jy net kan doen wat jy wil – as Jesus vir jou versoening gedoen het, dan doen jy ook nie meer sonde nie.***

- Die ketters wat daar in die gemeente rondgeloop het, het dus onder die vaandel van die bloed van Christus alle skuld en sondebesef by die gelowiges probeer doodsmoor.

Wat is die volle waarheid? Dit is wat Johannes nou preek. Om dit reg te verstaan moet ons baie duidelikheid hê oor presies wat Johannes bedoel.

- *Dit word beklemtoon dat dit nie gaan oor die kere wat mense uit swakheid struikel nie.*
    - Alle mense struikel, maar dit beteken nie dat jy in die duisternis lewe nie.

- *Dit gaan oor die kere wanneer mense moedswillig die lig van God in hulle smoor.*
    - Dink hier oor dinge soos mense wat hulle aanhoudend liefdeloos gedra.
    - Of iemand wat van bedrog lewe en weier om daarvan bekeer te word.

Die apostel het hier onversetlike verharding in gedagte.

> **Hy wat sê: Ek ken Hom, en sy gebooie nie bewaar nie, is ’n leuenaar en in hom is die waarheid nie.** (1 Johannes 2:4 AFR1953)
>
> **Hy wat sê dat hy in Hom bly, behoort self ook so te wandel soos Hy gewandel het.** (1 Johannes 2:6 AFR1953)
>
> **Hy wat sê dat hy in die lig is en sy broeder haat, is in die duisternis tot nou toe.** (1 Johannes 2:9 AFR1953)
>
> **As iemand sê: Ek het God lief—en sy broeder haat, is hy ’n leuenaar; want wie sy broeder wat hy gesien het, nie liefhet nie, hoe kan hy God liefhê wat hy nie gesien het nie?** (1 Johannes 4:20 AFR1953)

Vir die Christene lê die klem van die boodskap heeltemal anders. Ons is reeds gered en uit genade verander. Daarom moet ons hele lewe daarvan getuienis gee. Dink byvoorbeeld aan die woorde van Efesiërs 5:8:

> **Want vroeër was julle duisternis, maar nou is julle lig in die Here—wandel soos kinders van die lig.** (Efesiërs 5:8 AFR1953)

Dit gaan vir die ware gelowiges nie meer daaroor dat die kere wat hulle sonde doen teen hulle tel nie.

- Dit gaan daaroor dat hulle ryker in die genade van die Here staan.
- Luister net hoe die Here dit vir ons sê in Romeine 5:19- 21:

  > **Want soos deur die ongehoorsaamheid van die een mens baie tot sondaars gestel is, so sal ook deur die gehoorsaamheid van die Één baie tot regverdiges gestel word. Maar die wet het daar bygekom, sodat die misdaad meer sou word; en waar die sonde meer geword het, het die genade nog meer oorvloedig geword; sodat, soos die sonde geheers het in die dood, so ook die genade kan heers deur die geregtigheid tot die ewige lewe deur Jesus Christus, onse Here.** (Romeine 5:19-21 AFR1953)

Johannes bedoel glad nie met sy brief dat net mense wat volmaak en sondeloos is, met die Here gemeenskap kan hê nie.

- Hy stel dit baie duidelik dat die mense wat waarlik met God gemeenskap het, ook nog sondes het en daarom deur die bloed van Jesus Christus gereinig moet word.
- Die bloed van Jesus het verwys na twee dinge.
    - Die eerste is dat dit die middel is waardeur daar weer vrede tussen ons en God kom.
    - Die tweede is dat dit verwys na die verbond, en dat ons wat met Hom gemeenskap het, in sy verbond van verlossing en genade ingesluit is.

Daarom is dit logies dat die toepassing van die verbond is dat die bloed van Christus ons reinig. Dit veronderstel natuurlik dat daar by die gelowige wat deur die bloed van Christus gereinig is, ware berou en bekering sal wees (vergelyk Jesaja 53). Dink aan die volgende uitsprake:

> **Omdat ons dan die vrees van die Here ken, probeer ons om die mense te oortuig; maar voor God is ons openbaar, en ek hoop om ook in julle gewetens openbaar te wees.** (2 Korintiërs 5:11 AFR1953)

Wat baat dit, my broeders, as iemand sê dat hy die geloof het, maar hy het nie die werke nie? Dié geloof kan hom tog nie red nie? As daar nou ’n broeder of suster naak is en aan die daaglikse voedsel gebrek het, en een uit julle sou vir hulle sê: Gaan heen in vrede, word warm, word versadig, maar julle gee hulle nie wat vir die liggaam nodig is nie—wat baat dit? Net so is ook die geloof, as dit geen werke het nie, in sigself dood. Maar iemand sal sê: Jy het die geloof en ek die werke. Toon my jou geloof uit jou werke, en ek sal jou uit my werke my geloof toon. (Jakobus 2:14-18 AFR1953)

3. Die rykdom van God se genade

Om deur die bloed van Christus gereinig te word, veronderstel dood en straf en skuld (vers 9 wys ook daarop).

- Ons is in die noute omdat ons volgens God se raad die ewige doodstraf op ons sondes verdien.
- Ons lê dus in sondeverlorenheid.

Die proses wat ons deurgaan in Christus se bloed, suiwer alle sondeverlorenheid uit ons uit.

- Dit gebeur deurdat Jesus in ons plek voor God se regstroon verskyn het en Hy in ons plek gevonnis is.
- Hy het toe in ons plek die volle straf van God gedra.
- Nou is ons versoendes wat deur hierdie genade voor God se troon kan staan as ons bid.
- Ons kan elke dag voor sy oë lewe sonder dat Hy ons verdelg.

Hoe kan ’n mens sien wanneer iemand ware gemeenskap met die Here onderhou?

- Merkwaardig genoeg kom dit uit in onderlinge menseverhoudinge: gemeenskap van die heiliges met mekaar (vers 7; vergelyk ook Matteus 22:27-30 AFR1953).
- Omgang met medegelowiges kenmerk (is ’n bewys van) jou omgang met die Here.
    - Die lig wat jy uitstraal na ander mense toe openbaar jou gemeenskap met die ewige Lig.
    - Omgang met mekaar moet dus ’n paar kenmerke dra.
        - Die een is dat waarheid ons verhoudinge sal kenmerk.
        - Die tweede is dat daar altyd die onderlinge liefde sal wees.
        - Uiteraard gaan liefde saam met verdraagsaamheid en vergewensgesindheid.

Dit gaan nêrens in die evangelie van Jesus Christus daaroor dat ons sondes of die sondes van ander mense ontken word nie.

- Dit gaan daaroor dat ons juis ons sondes moet erken.
- Wanneer ons die punt van eerlikheid bereik dat ons ons sondes erken soos wat dit is, moet ons dit voor God bely.
- God se getrouheid aan die bloed van sy Seun tree dan in werking en Hy skeld ons ons sondes kwyt.

Die Here is regverdig omdat Hy nie sondes twee keer straf nie.

- Hy het alles een keer aan sy Seun gestraf (Johannes 17:9)
- Daarmee was sy straf oor ons afgehandel.
- Die wat dus in Christus glo en Hom met hulle belydenis en lewe dien, word deur God van alle ongeregtigheid gereinig.

Dit is ’n baie ou belofte wat so deur die Here in vervulling gebring word:

> **Kom nou en laat ons die saak uitmaak, sê die HERE: al was julle sondes soos skarlaken, dit sal wit word soos sneeu; al was dit rooi soos purper, dit sal word soos wol.** (Jesaja 1:18 AFR1953)
>
> **Dan sal Ek skoon water op julle giet, sodat julle rein kan word; van al jul onreinhede en van al jul drekgode sal Ek julle reinig.** (Esegiël 36:25 AFR1953)

In die Here Jesus Christus het ons die algehele wegneming van skuld en onreinheid.

- Ons het deur sy bloed ’n volkome versoening en verlossing.
- Daarom bly die eis van die Here saam met sy genade by ons:
    - Bely die Here Drie-Enig as God en lewe in volle gemeenskap met Hom.
    - Oefen met Hom gemeenskap met u belydenis en met u volle lewe.

Kom ons luister wat in ons Belydenis staan oor die troos wat ons in Christus het:

> ***Vraag 1: Wat is jou enigste troos in lewe en in sterwe?***
>
> ***Antwoord:*** *Dat ek met liggaam en siel in lewe en in sterwe (a) nie aan myself (b) nie, maar aan my getroue Verlosser, Jesus Christus behoort (c). Hy het met sy kosbare bloed vir al my sondes ten volle betaal (d) en my uit alle heerskappy van die duiwel verlos (e). Hy bewaar my op so ’n wyse dat sonder die wil van my hemelse Vader, geen haar van my kop kan val nie (g). Alles moet inderdaad tot my saligheid dien (h). Daarom verseker (i) Hy my ook deur sy Heilige Gees van die ewige lewe en maak Hy my van harte gewillig en bereid om voortaan vir Hom te lewe (k).*
> *(a) Rom 14:8. (b) 1 Kor 6:19. (c) 1 Kor 3:22; Tit 2:14: (d) 1 Pet 1:18, 19;1 Joh 1:7; 2:2, 12. (e) Heb 2:14; 1 Joh 3:8; Joh 8:34-36. (f) Joh 6:39; 10:28; 2 Tess 3:3; 1 Pet 1:5. (g) Matt 10:30; Luk 21:18. (h) Rom 8:28. (i) 2 Kor 1:22; 5:5; Ef 1:14; Rom 8:16. (k) Rom 8:14;1 Joh 3:3:*
>
> ***Vraag 2: Hoeveel dinge moet jy weet om in hierdie troos salig te kan lewe en sterwe?***
>
> ***Antwoord:*** *Drie dinge (a): Ten eerste, hoe groot my sonde en ellende is (b); ten tweede; hoe ek van al my sonde en ellende verlos word (c) en ten derde hoe ek God vir so ’n verlossing dankbaar moet wees (d).*
> *(a) Matt 11:28-30; Ef 5:8. (b) Joh 9:41; Matt 9:12; Rom 3:10;1 Joh 1:9;10. (c) Joh 17:3; Hand 4:12 10:43. (d) Ef 5:10; Ps 50:14; Matt 5:16; 1 Pet 2:12; Rom 6:13; 2 Tim 2:15:*

Amen.

Slotgebed

Skrifberyming 11-1:1, 2, 11 (22:1, 2, 11)

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Gereformeerde Kerk Bellville
Datum: 15 April 2007